

Dinsdag 29 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 66 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 66:7

God is in volkome beheer van alle omstandighede, sy oë hou wag oor die nasies

As die digter van Psalm 66 onder inspirasie van die Heilige Gees hierdie loflied vir God se uitredding ná swaar lyding dig, dan dink hy in vers 6 terug aan twee van God se grootste daede in sy volk se geskiedenis, die deurtog deur die Rooisee en die Jordaan. Hy onthou God se verlossing uit die slawehuis van Egipte, hoe die Here vir sy volk 'n pad deur die Rooisee gemaak het toe Farao hulle agterna gejaag en teen die seë vasgekeer het. Eksodus 14:24 sê: En in die môre waak het die HERE in die vuur- en wolkkolom op die leër van die Egiptenaars afgekyk en die leër van die Egiptenaars in verwarring gebring. En die uiteinde daarvan was dat die Egiptenaars, wat agter Israel die Rooisee ingetrek het, binne-in die see gestort is toe Moses sy hand oor die see uitgesteek het en dit in sy bedding teruggevoel het. Hy dink ook aan God se getrouheid hoe Hy sy volk veilig na die woestyn reis deur die Jordaan op droë grond laat deurtrek het die beloofde land in.

Dit bring hom in vers 7 daarby hoe God alles sien wat gebeur en hoe sy oë waghou oor die nasies. God is in beheer, die nasies kan maar in opstand kom, dit sal hulle niks baat nie. Hy sien al hulle planne en maak dit op sy tyd tot niet. Hulle kan niks vir Hom wegsteek nie, want niks ontgaan sy oë nie. Spreuke 15:11 leer dat die oë van die Here op elke plek is en hulle beskou opmerkzaam die slegtes en die goeies. Die goddelose het daarom veel te vrees van die een wat sien wat hulle doen en wat die krag het om hulle te vernietig. Daarom moet die wederstrewiges hulle nie verhef, hulle hande nie teen hom op lig in hoogmoed nie, want hulle kan nie ontsnap van die mag van die almagtige God nie, Hy heers vir ewig deur sy mag.

Deur die kruis van Jesus Christus, waar Hy ons uit die slawehuis van die sonde verlos het, het Hy Satan wat agter al die nasies se bose planne staan, oorwin en het God die opstandige nasies aan Christus as erfdeel gegee om hulle te verpletter met sy ysterstaf en stukkend te slaan soos 'n erdepot (Ps. 2:8, 9). Daarom kan ons as gelowiges te midde van die gewoel en opstand van die wederstrewige nasies teen God en sy kerk, deur die Heilige Gees se werking rustig wees en in alle omstandighede kalm bly, omdat ons weet God is in volkome beheer van alle omstandighede, sy oë hou wag oor die nasies.

Sing: Psalm 66-1:3

Ds. CJJ Putter (Jaco) (Potgietersrus)